

# Die wonder word in die aarde gesoek en gevind

Dank

Ek bring aan jou die eerste vrugte van die land  
met ingehoue vreugde en met dankbaarheid  
'n mielikop, lemoen of roos op skurwe hand  
gedra as nuwe huldes van seisoen en tyd;  
jaarliks die eerste piesangtros uit die vallei  
waar gramadoelas was, omdat ek nou nog voel  
sonder jou liefde is die graaf te swaar vir my  
en val die geil reens van die berge sonder doel.

Uit: Heilige beeste

\* \* \*

Die gevierde Afrikaanse digter D.J. OPPERMAN is op 22 September 1985 oorlede. Hy sou op Sondag, 29 September, sy 77ste verjaardag gevier het. In meegaande artikel gee Elise Tempelhoff 'n oorsig oor die werk van dié digter, wat as een van die belangrikstes in Afrikaans bestempel word.

\* \* \*

DIEDERIK JOHANNES OPPERMAN: digter, woordkunstenaar wat "snags deur die smal poort van die wonder elke woord laat skik tot klein stellaties vers", is op 29 September 1914 op die plaas Geduld, nommer 2, in die distrik Dundee, Natal gebore.

Behalwe woordkunstenaar was hy ook akademikus wat sy doktorsgraad in 1952 in die Afrikaanse letterkunde gekry het vir sy proefskrif *Digters van Dertig*. Hierin het hy 'n diepte-studie gedoen oor die werk van N.P. van Wyk Louw, wat in later jare sowel sy vriend as mededinger op die gebied van die Afrikaanse poësie sou word. As kind het Opperman baie armoede geken. Sy pa, ook met die voorletters D.J., was volgens J.C. Kannemeyer in 'n biografie oor Opperman 'n onrustige gees met 'n wye belangstelling. Hy was aantreklik, flambojant en "openlik lief vir die meisies en nie altyd 'n getroue eggenoot nie". Hy het dit ook baie moeilik gevind om hom op een beroep toe te spits. Die gesin Opperman het gevolglik ook baie rondgetrek.

Die digter se ma, Sannie, was 'n opgeruimde, lewenslustige vrou. Terwyl haar man 'n dromer was en onoordeelkundig met geld gewerk het, het sy op allerlei maniere probeer om met byverdienstes die pot aan die kook te hou.

Kannemeyer sê verder die gebrek aan geld en die pa se onvoorspelbaarheid het dikwels tot groot onmin tussen die ouers gelei. ". . . Hy het telkens ineengekrimp as hy die klomp rekeninge en die bekommerde uitdrukking op sy moeder se gesig sien."

Die kinders was dikwels die ongelukkige toehoorders van hewige rusies. Opperman se pa het sy ma dan ook gereeld aangerand. Baie jare later het die digter wat sy hele lewe lank 'n hekel aan liggaamlike geweld sou hê in 'n ongepubliseerde gedig gesê:

Die rusies van my vader

het my laat wegkruip

laat haat en vrees

en laat besluit

as ek eendag trou

sal ek anders wees

teenoor my vrou.

D.J. Opperman het sy hele lewe lank 'n vrees vir armoede in hom rondgedra. Hy het selfs toe hy reeds 'n baie welgestelde man was geld baie versigtig hanteer, sê Kannemeyer. Tog het hy later onder die besef gekom van die tydelikheid van eiendomsbesit.

Dit het Boet, soos hy onder sy gesinslede bekend was, hewig ontstel as sy pa rondval en van werk verander. Soms moes die Oppermans driemaal 'n dag pap eet en die feit dat hy as ywerige leerling in standerd ses sy skoolopleiding vir twee jaar moes onderbreek, het 'n bitterheid in hom laat ontstaan. Hy verwoord hierdie bitterheid in die gedigtereeks "Stelsel" uit sy debuutbundel, Heilige beeste (1945).

Kleinboer

Vroeg Saterag as die koekoekhaan kraai,  
sing ek bo-op my karretjie gelaai  
met wortels en koolkoppe; maar swyg  
met bitter haat as ek saans huistoe draai.

Opperman het in 1945 met die bundel Heilige beeste gedebuteer. Die bundel is in 1947 met die Hertzogprys bekroon. Sy diepe gevoel van verbondenheid met die latsbestemming van die Afrikaner vind neerslag in hierdie bundel. Gedigte oor sy ervaringe as kind in Natal en ook sy kennismaking met die Zoeloekultuur word ook in hierdie bundel aangetref.

In die gedig "Boer" word met die tipografie geëksperimenteer.

Dit dra by tot die dramatisering in hierdie gedig, wat begin by 'n enkeling, totdat die hoogtepunt in die nasie bevestig word. Ook vind hier progressie van die algemene na die besondere, en omgekeerd, plaas.

Hy stap van soggens vroeg  
agter vier osse  
en die ploeg,  
om aarde, son en wind  
en reën in mielies  
te verbind;  
in ryke saad waaruit  
fabriek en stad en  
nasie spruit.

As 'n mens na D.J. Opperman se taal- en beeldgebruik kyk, kan jy maar net met prof. G. Dekker saamstem as hy sê: "Opperman sing nie, hy praat in 'n sterk, beeldende styl. Die beelde is hard, aards en kantig."

As Opperman later, nadat hy die graad BA aan die Universiteit van Natal behaal het, in dieselfde stad skoolhou, kyk hy op 'n dag by sy klaskamer uit en sien hoe 'n klomp bandiete by 'n klipgroef besig is om die berg kleiner te kerf:

Sarkofaag

Vas teen die stad rys bruingekef  
met 'n groen kuifie bo, die halwe berg  
waar honderde bandiete  
agter skoorstene van fabrieke  
jare al met koekepan en pik  
hul dieper ingrawe in skuinste klip;  
en om hul uit klein vensters van die stad  
kyk klerke dag vir dag met huiwering na die gat.

Volgens die Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal (HAT) is 'n sarkofaag 'n doodskis van klip met beeldhouwerk op inskripsies; 'n

grafsteen in antieke vorm. In hierdie gedig lewer Opperman bewys van sy taalvermoë wanneer hy byvoorbeeld praat van "skuinstes klip" en nie van "klipskuinstes" nie.

In 1938 ontstaan 'n verhouding tussen Opperman en Marie van Heerden, 'n ou skoolvriendin. Sy studeer in Pretoria en Opperman hou skool in Pietermaritzburg. Die gedig "Twee stede" steun op hierdie skeiding. Hy is "onmagtig" as hy met "gespanne drade" oor die telefoon met sy geliefde moet praat.

Deur middel van metafore word die kommunikasieprobleme en kommunikasiegapings met hul gepaardgaande frustrasies vooropgestel. In 1942 tree Opperman en Marie in die huwelik. Geluk en vreugde wat met die wittebroodsreis ervaar word, word in die gedig "Seestroom" verwoord:

Terug gly

die watervoue oor die strand

en op die kaalte bly

die nat klip met sy gleufie sand

waarin die seekomkommer groen en blink

een oomblik rus

voor dit vanaf die wit heup van die strand

op wyer golwe van die vreugde sink.

Hierdie gedig wemel van verwysings na die seksuele genot wat tydens die wittebroodsdae ervaar word.

Heilige beeste het 'n vernuwing in die Afrikaanse poësie gebring. "Volgens baie mense se getuienis later het die verskyning van Heilige beeste 'n opskudding in Pietermaritzburg veroorsaak, want hier was vir die eerste keer 'n Afrikaanse digter wat met 'n Natalse verwysingsveld gewerk het," sê Kannemeyer.

Vir die eerste keer het lesers kennis gemaak met beeldspraak soos "kuttels van 'n bok" en die "berg se donker lies". Voorwaar vreemd en taamlik skokkend vir die konserwatiewe leser van daardie tyd.

Na die verskyning van Heilige beeste het die Oppermans na Johannesburg, die "Gryslan", verhuis. Hy het 'n pos by die Hoërskool Helpmekaar aanvaar. Hier het hy kennis gemaak met die groot stad. Sy volgende digbundel, *Negester* oor Nineve (1947), het hier sy beslag gekry.

In die beeld "Negester" is die begrip van 'n stralende sterrebeeld (krans) wat bo die goddelose Bybelstad Nineve hang en redding bring, saamgevat.

Gedigte in hierdie bundel handel oor ouerskap en in die besonder vaderskap, die gedagte aan vaderskap in die groot stad en die verantwoordelikhede wat dit meebring. In "Na 'n besoek aan die dieretuin" is 'n verwysing na steriele huwelik "weens omstandighede" (die woningnood). Dit word gestel teenoor die vrugbaarheid van die ingehokte diere.

Opperman was skaars in Johannesburg of sy broer Maans vertel hom dat hulle jonger broer, Louis, geld gesteel het en in die tronk sit.

Dit was vir Opperman 'n geweldige slag. Hierdie gebeure word verwoord in die ballade in drie bedrywe, "Ballade van die Gryslan".

In hierdie bundel vind Opperman se versugting na vaderskap ook weerklank. Net voor die geboorte van hul eersteling, skryf hy in sy dagboek: "Ek het heimlik gewens dat dit 'n seun moet wees, want ek is die sewende Diederik Johannes . . ."

Na die geboorte van sy dogter, Trienke, skryf hy verder: "Ek

het haar koel, nugter beskou . . . en onderwyl ek na haar kyk, die dik toe ogies, het sy begin huil; toe raak sy my waar ek nog nooit geraak is nie; ek wou saam huil, haar neem en vertroetel, beskerm." In die gedig "Negester en Stedelig" beskryf hy in die eerste strofe die geboorteproses. In die tweede strofe is hy intens bewus van sy verantwoordelikheid as pa wat die grootwordproses saam met sy kind moet deurmaak. In die derde strofe soek hy riglyne, 'n "kaart" of "ster", waarvolgens hy vir sy kind die regte pad wil wys. Hy verkeer self in twyfel en soek ook na die waarheid. Die slot van die gedig bereik 'n hoogtepunt wanneer hy geestelike waardes bo die blink van die sterre stel:

en mag die Suiderkruis en Negesterre witter  
as die stedelike in jou siel bly skitter.

In 1949 het die epiese gedig Joernaal van Jorik, wat uit 225 vierreëlige strofes bestaan, verskyn. Dit word allerweë as 'n grootse epiese werk in die Afrikaanse letterkunde beskou.

In 1950 het Engel uit die klip verskyn. In hierdie bundel val die klem op die poëtiese ontginningsproses en word die engel letterlik uit die klip verlos. Soos A.P. Grové dit stel: "Die wonder word in die aarde gesoek en gevind."

In die gedig "Draaikewers" kom die leser onder die besef van die tydelikheid van harmonie (orde) die kring en die moeiszaamheid waarmee die orde herstel word.

In Blom en baaierd (1956) gaan dit by uitstek om die teenstelling tussen orde en chaos. Die blom is die simbool van die volmaakte, die ordelike. Baaierd dui op die vormlose, die chaotiese en warboel.

In hierdie bundel word ook met die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk geworstel. In die openingsgedig "Staking op die suikerplantasie", is die suggestie van rassekonflik reeds opgesluit. In die gedig "Draaiboek" word die selfmoord van 'n gekleurde seun, juis weens velkleur, gedramatiseer.

Dié gedig het Opperman geskryf na anleiding van 'n koerantberig wat op 7 Oktober 1946 in Die Burger verskyn het. In die middel van hierdie bundel staan "Oud-digter". By Opperman ontstaan die vrees dat hy kort voor lank as 'n oud-digter in 'n poëtiese woestyn bekend sal staan. In die slotreël van die gedig verwoord hy hierdie vrees: oor my Kalahari's wit papier.

Dit is juis in hierdie tyd dat die digter hom al meer begin wend tot die euforie van drank. Werkdruk, ont-nugtering en die besef van die tydelikheid van die mens se bestaan op aarde is almal bydraende faktore tot die begin van sy vergryp aan drank.

In 1963 het Dolosse verskyn. Die temas in hierdie bundel is geput uit 'n oorsese reis. A.P. Grove sê egter dat die gedigte in hierdie bundel nie bloot reisindrukke is nie: "Die reisindruk is dikwels net die vertrekpunt vir 'n boeiende verbeeldingsveld."

In hierdie bundeltitel is 'n tweeledige simboliek opgesluit. Aan die een kant dui dit op die geskonde, verweerde beendere van die dooie. Aan die ander kant kry die beendere met towerspraak gewerp 'n profetiese boodskap: 'n uitreik na die toekoms.

In 1964 het die bundel Kunsmis verskyn. In hierdie bundeltitel is 'n dubbelsinnigheid opgesluit wat beteken dat die digter sy digterlike doel gemis het, of dit kan kunsmis wees vir verdere gedigte wat nog moet kom.

In die driereëlige gedig "Poërotica" is daar die uitwys na

die erotiese saam met die poëtiese. Vir Opperman was die vrou die "inkput" waaruit hy sy gedigte skryf.

O lessenaar van jou lyf,  
my klein inkput  
waaruit ek skryf.

Opperman se voorlaaste bundel, Edms. Bpk., dui op die beperktheid van die lewe en die beperktheid van eiendomsbesit. Hierdie motief word treffend in die titel verbeeld en visueel gemaak, maar ook in die letterlike betekenis daarvan.

In die openingsgedig kom die leser duidelik onder die indruk dat eiendom nie net die eiendom is van die een wat daarvoor betaal het nie . . .

Na 1970 het 'n lewensatheid by Opperman ingetree. Die vrees dat hy binnekort as "oud-digter" bestempel sal word, het 'n nog sterker houvas op hom begin kry die besef dat ons eiendomsbesit op aarde beperk is, het hom laat terugtrek na 'n vertroude domein, dié van drank. Hy het geweldige hoeveelhede rooi wyn tot soveel as ses bottels per dag verorber. Dit het gelei tot aanvalle van neerslagtigheid en onproduktiwiteit wat hom nog meer laat drink het 'n bouse kringloop het dus ontstaan.

Kannemeyer sê: "Die afname in sy skeppingskrag het hom al meer laat drink, want vir iemand vir wie die kunstenaarskap so sentraal was, en wie se lewe in so 'n mate op die drif gerig was, moes die vrees vir 'n vroeë poëtiese dood iets verskrikliks gewees het." Opperman is in Maart 1976 met lewerversaking in die hospitaal opgeneem. Niemand het gedink hy sou herstel nie, want hy was sewe maande lank in 'n koma. Marie het egter geglo hy sou leef. Sewe maande later is hy ontslaan. "Na sy ernstige siekte," verklaar Kannemeyer, "het Opperman 'n nuwe leeftog gehad wat vir almal naby hom 'n vreugde was om te aanskou." Hy moes egter van vooraf leer praat, lees en loop. Hiermee het hy sy derde en jongste dogter, Diederi (na Diederik vernoem, want hy sou nooit 'n seun hê nie) hom gretig gehelp.

"Terwyl hy in die jare onmiddellik voor sy siekte 'n lusteloosheid, depressiwiteit en passiwiteit beleef het, was hy na die herstel baie meer gemotiveerd, energiek en geesdriftig oor alles wat in sy ervaringsveld gekom het. Hy het dit as 'n buitengewone voorreg beskou om weer te lewe."

Opperman het self ná sy herstel gesê: "As jy deurgegaan het wat ek deurgegaan het, gaan daar remme in jou los . . ."

'n Volksboek, soos hy dit self op die titelblad noem, verskyn na sy siekte in 1979 en word allerweë as 'n hoogtepunt in sy ouevre beskou.

In Komas uit 'n bamboesstok vertel hy volgens Lina Spies, digter en hoogleraar aan die Universiteit van Stellenbosch, uit 'n agterna-perspektief hoe hy evolusionêr tot die lewe teruggekeer het. Die evolusiemotief word dwarsdeur hierdie bundel aangetref. Dit is asof die digter deur middel van hierdie bundel terugkyk oor sy lewe heen. Hy sien homself vanaf geboorte tot hede, en hy sien ook 'n stuk voltooide digterskap.

In hierdie bundel word tot op 'n groot hoogte met die self die spot gedryf. Opperman se eksperimentele met die tipografiese word hier tot 'n hoogtepunt gevoer.

Op Sondag, 22 September 1985, is Opperman na 'n tweede beroerte dood.